02 September 2012

SKRIFLESING: **Rigters 7: 1-11; 16-22**
TEKS: **Rigters 7: 4, 5**
TEMA: **Veg as goeie soldate tot roem van die Here.**
SANG: Ps 84: 1, 6; Ps 38: 1, 7, 8 (NAB); Sb 14-1: 1, 2; Ps 44: 1, 2, 3 (NAB)

Ander steel die kalklig.

Die eer en roem moet jou toekom, maar ander eis dit vir hulle op.
Jy het die harde werk gedoen, jy het met die briljante idee gekom.
Tog word ander geprys en op 'n troontjie geplaas.
Dit doen jou kollega by die werk, die ander sportman, die ander kind in die skool saam met wie jy 'n opdrag uitgewerk het.
Roemberowing.
Ons is tog baie sensitief daarvoor.
Dit is onregverdig.
Die Here is ook baie sensitief daarvoor.
Hy hou glad nie daarvan dat ons Hom van Sy roem beroof nie.
Die Here is met die gebeure in die stryd teen die Midianiete juis besig om Sy roem te beskerm.
Die Israeliete, die kerk van die OT, mag nie Hom van Sy roem beroof nie.
Daarom tref die Here bepaalde voorsorgmaatreëls.

Gideon kry vooraf die versekering van die Here: Hulle gaan wen teen hulle vyande.

Hy moet saam met die volk teen die Midianiete gaan veg.
Die volk het vir sewe jaar swaar onder hulle gekry.
Hierdie heidense volk het elke jaar met oestyd in hulle massas op die gebied van Israel toegesak en die land van alle moontlike kos vir mens en dier gestroop.
Hulle het selfs die vee gevat.
Die Israeliete het brandarm geword.
Hongersnood en ondergang het hulle bedreig.
In hierdie omstandighede roep die Here vir Gideon om as rigter op te tree.
Hy moet die manne van Israel bymekaar kry en die geveg begin.
Hy doen dit ook.
32, 000, 00 kom byeen.

In hierdie stryd eis God die roem op vir Hom omdat Hy die oorwinning oor die vyand gaan bewerk.

Die Here is egter bekommerd.
As daar soveel soldate is om te veg in Israel, kan hulle dink dit is deur hulle eie krag dat hulle gewen het.
Hulle sal die kalklig van die Here af wegsteel.
Dit gaan nie in die eerste plek oor die onderdane nie, maar oor die koning.
God is hulle Koning en daarom het Hy reg op die ontvang van die roem.
Indien hulle die roem vir hulleself sou opeis, sou hulle die Here nie meer met 'n onverdeelde hart dien nie.
Hulle sou hulleself op troontjies plaas en God as God misken.

Ons is baie keer trots op iets wat ons bereik het.

Ons is dan sommer baie bly.
So kry ons selfbeeld ook 'n hupstoot.

Tog is daar wel grense.
Ons roem en trots moet altyd in die Here wees.
Hy moet op die voorgrond staan.
Hy moet bewonder en geprys word.
Sy goeie Naam moet hoog gehou word.
In 1 Kotrintiërs 1(31) en 2 Korintiërs 10 (17) lees ons:
"Die wat roem, moet in die Here roem".
Ons veg ook as Sy soldate tot Sy roem.
Hy gee die oorwinning deur ons en daarom mag ons nie die roem aan ons laat toekom nie;
die roem as ons 'n besondere prestasie behaal het;
die roem as ons die versoeking weerstaan het;
die roem as ons staande bly teen die verleidinge in die wêreld;
die roem as ons die Satan teenstaan en hy nie 'n ander keuse het as om van ons af weg te vlug nie.

Daar is **verskeie dinge wat God se roem**, wat Hom toekom, **kan bedreig.**
Dit kan gebeur
deur te veel te steun op mense en hulle getalle en die prestasies wat daardeur bereik is,
of ons kan deur verkeerde houdings en optrede God van Sy roem beroof.
Kom ons kyk daarna in ons teksgedeelte.

Die Here is **bekommerd oor die getal soldate van Israel.**
Ons kan vra: het die Here nie oorreageer nie?
Israel se getalle beindruk tog glad nie so as dit met die getalle van die vyand vergelyk word nie.
Die Midianiete het 135, 000, 00 man in die veld gestoot.
Hulle was meer as vier keer die getal van die Israeliete.
God ken egter die harte van Sy volk.
Daarom verminder Hy die getalle van Gideon se gevegsmag so drasties.
Eers loop 22, 000, 000 soldate.
Toe moes 10, 000, 00 die 135, 000, 00 van die Midianiete trotseer.
Nog is hulle te veel.
Daar word verder aan die getalle gesny en daar bly uiteindelik net 300 oor, 1 vir elke 450 vyandige soldate!
Menslik gesproke was dit vir so 'n klein getal net onmoontlik om die vyand aan te durf.
Menslik gesproke was die kerk van die Here nou op die punt van uitdelging.
Die vyand gaan hulle eenvoudig platloop!

So sou dit **vir die volk gelyk het as** hulle bloot op op getalle en mensekrag en vernuf vertrou het.

$ In ons stryd teen die vyande van God is getalle nie altyd die belangrikste nie.
As ons vir die Here veg, kom ons krag en oorwinning nie in die eerste plek
van hoeveel mense ons is wat veg nie,
hoe groot die gemeente bv. is nie,
maar of die Here by ons is en aan ons telkens die oowinnings gaan gee of nie.
$ In ons stryd teen die vyande van God is mensekrag en vernuf ook nie altyd die belangrikste nie.

Sommige lesers van die boek Jakobus het so gedink.

Die skrywer van die Jakobusbrief vermaan sy lesers dat hulle afhanklik van die Here moet leef en nie in al hulle besigheidsplanne dit vergeet nie.

Hulle was suksesvolle sakemanne en het groot projekte aangepak en geslaag.

Hulle het in hulleself en hulle eie vermoëns begin roem:

Kyk net wat het ons al bereik en wat gaan ons nog bereik!

Ons laat dit gebeur!

Dit lei tot sondige trots en hoogmoed.

Jakobus vermaan hulle dan: "Maar nou is julle arrogant en spot julle. Al sulke grootpratery (roem) is verkeerd". (4: 16)

Die Here waarsku ons as NT gelowiges bv. in 1 Kor 3: 21 nie verniet nie:

"Laat niemand dan op mense roem nie".

Die gevaar om God van Sy roem te beroof, lê nie net in mensegetalle en krag nie, maar ook in die manier hoe ons vir die Here as Sy soldate wil veg.

Ons beroof God ook van sy roem as ons uit vrees onwillig vir Hom wil veg.

Dit was die geval met die eerste klomp soldate wat weggewys is en verlof gegee is om huis toe te qaan.

Hulle was die groep wat wel daar was en selfs bekwaam sou wees om te veg, maar hulle was te bang.

Vrees het hulle oorheers.

Hulle kon net nie voluit op God se belofte van oorwinning vertrou nie.

Hulle was bang hulle word doodgemaak, hulle goed word gevat, hulle laaste vee word verwoes en nog vele meer.

Die Here het wel beloof, maar sê nou maar……

Hoe baie keer oorval vrees ons nie ook in benouende omstandighede nie?

Dit ten spyte van God se beloftes van bystand en dat alles vir Sy kinders ten goede sal meewerk.

Gebrek aan geloofsvertroue maak hulle onnodig bang.

Hulle word eintlik 'n gevaar vir die ander soldate wat saam met hulle moet veg.

'n Baie bang mens is nie juis 'n betroubare mens nie.

As jy hom nie dwing nie, sal hy sommer die hasepad kies.

Alle bedreigings is net te veel.

So iemand gaan jou beslis in die steek laat as die stryd op sy hewigste raak en jy hom die nodigste het.

God ontvang nie roem deur sulke mense nie.

Ook ons word opgeroep om nie in vrees te lewe nie.

Dit is nie dieselfde vrees wat ons vir die Here moet hê nie.

Die vrees vir die Here hou in dat ons eerbied, respek en ontsag vir Hom sal hê.

Dit is nie om deur angs oorval te word, te vries of weg te hardloop of onnosele dinge aan te vang nie.

Die Here verwag dat ons vreesloos vir Hom sal veg.

In die lofsang van Sagaria wys hy op die Verlosser wat die Here vir ons laat opstaan het uit die huis van Dawid sodat ons "gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe" (Lukas 1: 74, 75).

Wie **bevrees** as soldaat vir die Here **wil veg, ontneem Hom die roem wat Hom toekom** omdat

so iemand as ’n lafaard beskou word,

so iemand te bang is om God se vyande aan te durf en nie die oorwinning sal behaal wat God wil gee nie.

So iemand kan ook nie God se liefde uitleef nie, want angstige vrees en liefde vir die Here is nie bedmaats nie!

Ons **beroof God ook van Sy roem as ons onbekwame soldate is**.

Nadat die eerste groep soldate wat bangbroeke was, weggestuur is, word nog 9, 700 weggewys omdat hulle net nie bekwaam genoeg was om aan God die roem te laat toekom nie.

Gideon kry die opdrag dat hy die oorblywende manskappe na die water toe moet bring.

Die manier waarop hulle sou drink, sou die maatstaf wees vir die verdere siftingsproses.

As die soldate op ‘n sekere manier gedrink het, sou dit wys hulle is nie geskik om verder te veg vir God se roem nie.

As hulle op ‘n ander manier gedrink het, sou daardie groep wel geskik wees.

Die groep wat **nie geskik was nie, sou op hulle knieë by die water afsak en dan die water direk uit die stroom drink**.

Dit is hoe die meeste dit gedoen het.

Waarom sou hulle nou weggestuur moes word?

Die Bybel sê nie vir ons pertinent waarom nie.

Teoloë verskil van mening oor die rede waarom hulle nie geskik was nie.

Baie van hulle dink wel tog dat die manier waarop hierdie soldate water gedrink het, het gewys dat hulle nie sulke goeie soldate was nie.

Hoe het hulle gedrink?

Hulle het met hulle koppe afgesak tot by die water terwyl hulle oë op die water voor hulle gerig was en hulle op daardie oomblik net met een ding besig was.

Dit was om so gou moontlik water in hulle lywe te kry.

Vir ‘n tydlank was al hulle aandag daarop gekonsentreer en het dit net daarom gegaan om in hulle eie behoeftes te voorsien.

Iemand stel dit so sterk dat hulle eintlik die selfsugtige lidmaat uitdruk wat net op sy eie belange wil konsentreer en nie ‘n saak het met wat om hom gebeur nie.

Verkeerde konsentrasie as soldaat maak mens inderdaad ongeskik om God die roem te laat toekom.

In 2 Timoteus 2 word Timoteus opgeroep om ‘n goeie soldaat van Christus te wees.

Paulus skryf:

“’n Soldaat in aktiewe diens wat Sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie” (vers 4).

Hy moet bly konsentreer op wat hy moet doen en nie sy aandag laat oorheers deur ander dinge wat sy werk bedreig nie.

Anders sal hy nie ‘n goeie soldaat kan wees wat altyd paraat en waaksaam kan optree nie.

Hoe dit ookal mag wees, daardie soldate wat Gideon nou moes wegstuur, was nie onwillig soos die eerste groep nie, maar hulle was wel onbekwaam om as die beste soldate in die geveg uit te trek.

Onbekwaamheid wat God van Sy roem kan beroof.

'n Onbekwame persoon weet nie mooi wat om te doen nie, hoe om dit te doen nie, wanneer om dit te doen nie.

So kan ons ook God van die lofprysing en verheerliking beroof wat Hom toekom as ons as onbekwame soldate vir die Here wil veg.

So sal iemand wat nie oor die nodige vaardighede beskik nie, nie sy medegelowiges kan help om opgebou te raak en mekaar so beter teen hulle vyande te beskerm nie.

Hy het ook nie uit die Woord en met indiensopleiding genoeg geleer om effektief God se wapenrusting te gebruik om teen die bose te veg nie.

Die oorblywende **groep van 300 is die groep wat God se roem hoog gaan hou.**

Dit is die groep wat soos honde die water opgelek het.

Dit word drie keer genoem.

Die tweede keer is dit duidelik dat daardie soldate ook hulle hande gebruik het om die water na hulle monde te bring, maar elke keer word gesê dat hulle die water gedrink het soos 'n hond dit met sy tong oplek.

As 'n hond water oplek, is sy kop nie afgebuig na die water en is dit nie al waarop hy konsentreer nie.

Hy kan nog steeds die omgewing dophou, bewus wees wat om hom aangaan, waaksaam wees en tog doelgerig drink.

Dit was waarskynlik die soldate wat, al het hulle gedrink, steeds bewus was van hulle omgewing en van die vyand wat in die omgewing was.

Dit was so deel van hulle optrede en natuur dat hulle in murg en been goeie soldate was.

Hulle was die soldate wat beide gewillig en bekwaam was.

<u>Hulle het met dapperheid, vaardigheid en doelgerigtheid opgetree.</u>

<u>Dit is wat die Here van ons as Sy soldate verwag sodat Hy die roem kan ontvang wat Hom toekom!</u>

& Wees dan dapper soldate wat gewilig is om vir die Here te veg.

Dit is 'n **baie belangrike vereiste vir 'n goeie soldaat**.

Vrees moet ons nie oorweldig nie.

Ons moet met moed en oortuiging die vyand tegemoet gaan.

Dit het die 300 man, al was hulle getalle so klein, gedoen.

Hulle het die kamp van die vyand omsingel en met 'n groot geraas en geskreeu die vyand skrik op die lyf gejaag.

Die Here verwag van ons om deur die geloof dapper te wees soos ons **voorgangers wat vir ons in Hebreërs 11** beskryf word.

Dit het ook groot dapperheid van die apostels geverg om die evangelie te bly verkondig ondanks die teenstand wat hulle beleef het.

In 1 Korintiërs 16 roep Paulus die gemeentelede op om waaksaam te wees, vas te staan in die geloof, <u>manmoedig te wees, sterk te wees.</u>

& **Wees ook bekwame soldate wat effektief optree**.

In **Efesiërs 6: 10** gaan dit **daaroor dat ons meer bekwaam sal word** om teen die bose te kan veg.

Ons moet al meer die vermoë vanaf die Here verkry om op ons pos te kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.

Met God se krag en Sy wapenrusting behoort ons die nodige bekwaamheid te bekom om dit te kan doen.
Daarvoor is die gebed ook baie belangrik.
So sal ons meer effektief God se roem beskerm.
Ons sal meer paraat kan wees, beter toegerus wees, meer bedag kan wees op wat van ons verwag word.

& Wees ook toegewyde soldate wat doelgerig optree

Die wat die water soos 'n hond opgelek het, het **nie van hulle doel vergeet en hulle aandag daarvan laat aftrek nie.**
Hulle was op pad om die vyand aan te val.
Selfs hulle dors kon hulle aandag nie daarvan aftrek soos die ander wat op daardie stadium net daarmee besig gehou is om dit te les nie.
Hulle was nog steeds deeglik bewus wat om hulle aangegaan het en het hulle gefokus opgetree.
Paulus roep ons ook deur sy voorbeeld op om doelgerig te lewe:
"Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie" (1Kor 9: 26).
Die Here verwag ook van ons om ons in die eerste plek op Hom te rig en Sy koninkryk te soek en om reg te lewe.
Ons moet nie ons aandag laat aftrek van die belangrikste dinge nie, bv. deur
die wêreld met sy verleidinge,
die gewone lewe met al sy opofferings en
ons persoonlike lewe met al sy eise nie.
Dan sal ons in staat wees om deur ons stryd as soldate van JX aan God al die roem te gee wat Hom toekom.
Om gefokus te bly, vra dat ons met oorgawe dit doen.
Die soldate se oorgawe waarmee hulle in die stryd betrokke was, kom ook uit in die werkwoordsvorme waarin die woord "lek" (2 keer in die Pi-el) deurgegee word.
Hulle het nie maar net gelek nie, maar wat hulle gedoen het,
het hulle deeglik gedoen,
het hulle vinnig, met mening, met oorgawe gedoen om so gou as moontlik klaar te kry.
Hulle wou uitkom by die dinge wat eintlik gedoen moes word.

Kom ons vat saam: God verwag van ons om in ons stryd in hierdie lewe steeds aan Hom die roem te laat toekom. **Ons doen dit as ons**
In die eerste plek op Hom en nie op mense nie, vertrou
As ons dapper soldate is wat gewillig vir Hom veg
As ons bekwame soldate vir Hom is wat effektief optree
En as ons met mening doelgerig ons vyande beveg.
Veg dan as sulke soldate tot roem van die Here!